View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Die profiel van die adolessente seun as mentee aan die Weskus

J. Steytler & H. Strydom
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: jsteytler@gmail.com
herman.strydom@nwu.ac.za

## Abstract

### The profile of the adolescent boy as mentee on the West Coast

*Adolescent boys long to be mentored by an adult male. This influence of the mentor in the life of the adolescent brings forth great changes and consequently the adolescent experiences a higher quality of life. This mentee is not necessarily mentored by his biological father. The adolescent boy as mentee has certain needs within the mentoring relationship, which the mentor has to understand and interpret correctly. If the mentor understands the mentee better within his generation, the relationship may be strengthened.*

*This article focuses on the profile of the adolescent boy as mentee on the West Coast and indeed from the viewpoint of the adolescent.*

## Opsomming

### Die profiel van die adolessente seun as mentee aan die Weskus

*Adolessente seuns het 'n behoefte daaraan om deur 'n volwasse man gementor te word. Hierdie mentor se insprake in die adolessent se lewe bring groot veranderings mee sodat die die adolessent se lewensgehalte gevolglik verbeter. Hierdie mentee word egter nie noodwendig deur sy biologiese pa gementor nie. Die adolessente seun as mentee het wel sekere behoeftes binne die mentorverhouding wat die mentor reg moet verstaan*

*en interpreteer. Indien die mentor die mentee binne sy generasie beter verstaan, kan dit die verhouding versterk.*

*Hierdie artikel fokus op die profiel van die adolessente seun as mentee aan die Weskus vanuit die adolessent se oogpunt.*

## 1. Inleiding

Die adolessente seun het 'n behoefte daaraan om raakgesien te word vir die mens wat hy werklik is. Verder het die adolessente seun die behoefte om deur 'n manlike persoon gementor te word (Steytler & Strydom, 2007:31). Indien hierdie behoeftes nie vervul word nie, kan die adolessente seun ontoepaslike gedrag begin toon soos die betrokkenheid by misdaad, geweld en tienerouerskap.

Navorsing is reeds in Suid-Afrika onderneem rakende die uitwerking van 'n afwesige vader op die seun (Steytler, 2007), sowel as op die profiel van mans en vaderskap (Posel & Devey, 2006). Die profiel van die adolessente seun wat 'n afwesige vader of 'n pa-honger beleef, word ook in hierdie genoemde navorsing ondersoek. Aspekte wat in daardie ondersoek ingesluit is, is die invloed wat die media het in die vorming van die gemeenskap se persepsie van adolessente (Noam, 2002:1), sowel as die belangrikheid dat adolessente seuns ingeskakel moet word by volwasse gesprekke deur volwasse mans (Farrar, 2006:117).

Hierdie artikel fokus op die profiel van die adolessente seun (mentee) wat in 'n natuurlike mentorverhouding met 'n volwasse man (mentor) staan. 'n Mentor is nie noodwendig die biologiese pa van die seun nie, maar kan 'n jeugwerker, onderwyser of 'n hegte ouer vriend wees. Die kerneienskappe wat basies in alle definisies van mentorskap aangetref word, is eerstens die meerdere kennis, wysheid en ondervinding van die mentor bo dié van die mentee. Tweedens voorsien die mentor riglyne wat die mentee tot verhoogde lewensgehalte aanspoor, en laastens is daar 'n emosionele band wat deur vertroue gekenmerk word (Baber, 2005:1).

Met die verandering van sisteme waarbinne die seun leef, byvoorbeeld die verandering van tegnologie, verandering in gesinsisteme en generasieverskille, is dit nodig om ingelig te wees rakende hierdie veranderings en die invloed wat dit op die seun se lewe uitoefen. Sodanige verskille en veranderings veroorsaak dat sowel die mentor as die mentee se begrip van belangrike aspekte vir elkeen kan verskil. Dit is daarom noodsaaklik dat die mentee bewus gemaak moet word van die leefwêreld van die mentor en die mentor ook van die mentee se leefwêreld. Die mentee sowel as die mentor se

werklikheidsbeskouing van die ander word verbreed en versterk. Hierdie profiel van die adolessente seun wat gementor word, kan in die ontwikkeling van 'n mentorondersteuningsprogram of bemagtigingsprogram gebruik word.

## 2. Probleemstelling

Adolessente word maklik gemarginaliseer en hulle eienskappe veralgemeen. Dit is nie 'n nuwe verskynsel nie, maar een wat dekades lank reeds voorkom. Sokrates het in die vierde eeu voor Christus al die volgende uitspraak gemaak: "Children today are tyrants. They contradict their parents, gobble their food, and terrorise their teachers." (Raubenheimer, 1997:27.) Dit is baie algemeen dat konflik tussen volwassenes en adolessente plaasvind. Die oorsake van hierdie konflik is alreeds nagevors en word nie by hierdie ondersoek betrek nie.

Samelewings en gemeenskappe het aansienlik verander, en volwassenes raak toenemend bekommerd oor die jeug. De Vries (1994:35) is van mening dat tieners meer ingelig moet word, want dit wat hulle nie weet nie, kan hulle letterlik doodmaak. Dit blyk dus dat adolessente ingelig moet word oor die veranderings en verwagtings binne die samelewing. 'n Mentor kan die adolessent, hetsy seun of dogter, hierin bemagtig. Eksterne druk en die samelewing bied al minder geleenthede vir adolessente om hulle eie drome te kan droom en om 'n doel in die groter maatskaplike sisteem te bereik (Spielberg, 1999:32). Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat van adolessente verwag word om as jong volwassenes op te tree. Die adolessente seun het 'n behoefte daaraan dat sy mentor hom moet help om geskikte keuses te maak (Steytler, 2007:83). Hierdie keuses wat die adolessent saam met sy mentor maak, kan die mentee baat ten opsigte van sy eie drome, asook sy doel in die groter maatskaplike sisteem.

Weens die feit dat adolessente nog in die proses van volwassewording verkeer en nog nie volwassenes is nie, weet hulle nie altyd hoe om reg op te tree nie. Seuns neig onder andere om hulle emosies te verberg en 'n front voor te hou dat alles met hulle goed gaan. Hierdie front maak dit moeilik om uitdagings en probleme by mans te identifiseer (Shaffer & Gordon, 2005:6). In teenstelling hiermee is meisies deesdae op psigologiese vlak meer stabiele persone. Biddulph (1998:2) stel dit soos volg:

> Today it's the girls who are more sure of themselves, motivated, hardworking. Boys are often adrift in life, failing at school,

awkward in relationships, at risk for violence, alcohol and drugs, and so on.

Volgens Biddulph (1998:46) wil seuns gewoonlik drie dinge weet:

- Wie is in beheer van sake?
- Wat is die reëls?
- Sal daardie reëls regverdig toegepas word?

Uit die voorafgaande gedeeltes ontstaan die vraag: Hoe lyk die profiel van 'n adolessente seun wat in 'n natuurlike mentorverhouding staan? Die doelstelling van hierdie ondersoek is dus om vas te stel hoe die profiel van die adolessente seun lyk wat in 'n natuurlike mentorverhouding staan. Aangesien min navorsing egter op die mentorverhouding vanuit die mentee se perspektief fokus (DuBois *et al.*, 2002:25), word hierdie ondersoek vanuit die mentee se perspektief uiteengesit.

## 3. Navorsingsmetodologie

'n Gelyktydig-triangulerende strategie vir die empiriese ondersoek is uitgevoer, soos dit in Creswell (2009:203-216) se gemengde metodes vir kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing uiteengesit is. Die ondersoek is beskrywend sowel as verkennend van aard (Fouché & De Vos, 2005:106). Verskillende vorms van groepwerk, individuele onderhoude, self-geadministreerde vraelyste (Delport, 2005:168), asook vrae wat deels gebaseer is op 'n Likert-skaal en oopeindevrae (Neuman, 2006:207), is gebruik om die data in te samel. Literatuur is deurlopend gebruik om die data te ondersteun, verskille uit te lig, of om nuwe inligting rakende die aspek te bekom. Die data wat ingesamel is, is in subtemas verwerk om dit meer hanteer- en meetbaar te maak en is volgens Marshall en Rossman, asook Tesch se metodes verwerk (Poggenpoel, 1998:342-344).

Deelnemers aan die ondersoek is deur middel van die sneeubaltipe steekproef aan die Weskus geselekteer (Strydom & Delport, 2005: 328). Weens die beperkte beskikbaarheid van deelnemers is slegs sewe deelnemers by die ondersoek betrek.

Etiese aspekte is nagekom deurdat skriftelike vrywaring en ingeligte toestemming van die minderjarige deelnemers en hulle ouers verkry is; die deelnemers se data vertroulik deur die navorsers verwerk is; en geen identifiserende besonderhede van die deelnemers openbaar gemaak is nie. Weens kultuursensitiwiteit – die verskille wat

daar tussen verskillende kulture voorkom en dat elke kultuur hulle kinders eiesoortig hanteer (Bernardes, 1997:108) – fokus hierdie studie op die Afrikaanssprekende Christenseun aan die Weskus van Suid-Afrika.

## 4. Bevindings

### 4.1 Behoeftes by adolessente seuns

Soos enige ander persoon, het adolessente seuns ook bepaalde behoeftes soos dit in Maslow se behoeftehiërargie uiteengesit word. Die meeste van hierdie behoeftes, soos Maslow daarna verwys, is alreeds nagevors en word nie in hierdie studie weer ondersoek nie. Twee ander behoeftes wat oor die algemeen minder dikwels ondersoek word, is wel in die onderhawige studie ondersoek en word in hierdie artikel uiteengesit. Hierdie twee behoeftes word nie direk in Maslow se behoeftehiërargie genoem nie. Genoemde behoeftes sluit die behoefte aan 'n mentor en 'n mentorverhouding, asook die vereistes en verwagtings binne die mentorverhouding in.

Om 'n duideliker profiel van die adolessente menteeseun te vorm, is dit nodig om te weet waarom daar 'n behoefte aan 'n mentor is en wat die mentee van hierdie mentorverhouding verwag. Hierdie profiel van die mentee kan tot ondersteuning wees vir verdere navorsingsvelde soos die ontwikkeling van portuurgroepbemagtigingsprogramme.

#### 4.1.1 Behoefte aan 'n mentor

Seuns het behoefte aan 'n persoonlike verhouding met 'n manlike persoon. Indien daar nie in hierdie behoefte voorsien word nie, bevind Erickson (1996:39) en Freeks (2004:23), kan hierdie seuns 'n pa-honger beleef. Indien hierdie pa-honger nie bevredig word nie, blyk dit dat hulle meer geneig is tot laer psigososiale funksionering.

Posel en Davey (2006:48) se navorsing toon aan dat in 1998 meer as 50% van biologiese pa's in Suid-Afrika deur hulle kinders as afwesig beleef is. Slegs 8,4% van hierdie biologiese pa's is oorlede. Die pa-honger wat seuns beleef, hoef nie net deur die pa bevredig te word nie, maar kan en word in sodanige gevalle ook deur 'n persoon buite die gesin vervul. Dit gebeur egter ook dat dit soms nie vervul word nie. Die aktiewe biologiese pa kan nie altyd as mentor in al die behoeftes van die adolessente seun voorsien nie. Daarom is die werk van 'n mentor buite die gesinsisteem uiters belangrik.

Pa's aanvaar hulle kinders minder op elf- tot veertienjarige ouderdom as op ander ouderdomme (Almeida & Galambos, 1993:37). Dit is egter ook die tydperk waarin die kind die meeste beïnvloedbaar is (Thom *et al.*, 1998:457). Hierdie negatiewe boodskap van nie-aanvaarding deur 'n afwesige pa wat indirek aan die kind oorgedra word in die tyd terwyl hy op soek is na 'n pa-figuur, het 'n emosionele uitwerking op die kind. Dit kan hom met 'n emosionele wond laat. Indien hierdie wond nie vroegtydig hanteer en genees word nie, kan dit 'n negatiewe rimpeleffek tot gevolg hê, naamlik, dat hy nog groter emosionele skade kan ly, of ontoepaslike gedrag kan begin toon.

Uit navorsing wat gedurende 2007 deur Steytler gedoen is, is bevind dat 72% van die seuns wat aan die studie deelgeneem het, behoefte aan 'n mentor gehad het. Binne die gesinsrangorde het die derde en latere kinders die sterkste behoefte aan 'n mentor getoon. Persentasiegewys wissel dit tussen 83,3% en 100%. Die oudste seun het die tweede sterkste behoefte aan 'n mentor met 'n persentasie van 75%, terwyl die tweede seun die minste behoefte aan 'n mentorverhouding toon, met 'n persentasie van 58,3% (Steytler, 2007:57-58).

### 4.1.2 Verwagtings en vereistes in 'n mentorverhouding

Indien die adolessente seun 'n mentor het, vind sekere gebeure binne hierdie mentorverhouding plaas. Weens die feit dat adolessente in die proses is om 'n eie, unieke persoonlikheid te ontwikkel en die maklikste deur waarneming leer, is dit van kardinale belang dat die mentor bewus moet wees van wat en hoe hy sekere eienskappe of waardes aan sy mentee oordra. Die mentorverhouding volg 'n bepaalde proses – van 'n eerste kontakgeleentheid tot 'n volwaardige mentorverhouding. Elke verhouding begin met 'n kommunikasieproses.

Volgens die behoeftebepaling stel adolessente seuns sekere vereistes aan, of koester bepaalde verwagtings van 'n mentorverhouding (Steytler, 2007:86). Die vereistes of verwagtings word van die belangrikste na die minder belangrikste aangetoon:

- ondersteuning (f=60)
- rigtinggewing (f=43)
- luister ('n gewillig oor) (f=31)
- aktiewe deelname (f=16)
- nederigheid (f=13)

- beskerming (f=8)

Beskerming is deur die deelnemers as emosionele beskerming eerder as fisiese beskerming aangedui (Steytler, 2007:84). Ander eienskappe wat aangedui is, maar teen 'n laer frekwensie, was *rol-model, getrouheid, leierskap* en *liefdevolle optrede*. Uit hierdie inligting kan afgelei word dat adolessente seuns eerder emosionele behoeftes as fisiese behoeftes in die mentorverhouding het. Hierdie emosionele behoeftes kan egter met aktiewe deelname gekombineer word vir 'n verhoogde uitkoms vir die mentorverhouding.

## 4.2 Die bio-psigososiale eienskappe van die adolessente seun binne 'n mentorverhouding

Aannames word gemaak dat adolessente deur konformering makliker by hoë-risiko gedrag betrokke raak (Louw, 1998:489-490). Hierdie hoë risiko's word hoofsaaklik gekenmerk deur individuele faktore soos gedragsprobleme, of maatskaplike faktore soos enkelouergesinne (Jolliffe & Farrington, 2007:5). Die deelnemers aan hierdie ondersoek is nie aan hierdie kriteria onderhewig nie. Die bio-psigososiale eienskappe van die adolessente seuns wat aan die ondersoek deelgeneem het, word vervolgens bespreek ten opsigte van die ontwikkelingsfase waarbinne hulle verkeer, die verhoudings waarbinne hulle staan, hulle betrokkenheid by chemiese substanse, hulle tydsbesteding, hulle geestelike welstand, asook hulle betrokkenheid by kriminele aktiwiteite.

### 4.2.1 Ontwikkelingsfase

Daar word na adolessensie verwys as die tydperk van puberteit tot volwassenheid (Meyer, 1998:16; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004: 220). Hamilton en Hamilton (2002:60) wys daarop dat adolessensie nie noodwendig 'n tyd van stres en spanning is nie, maar dat kulturele omstandighede hierdie spanning en veranderings kan meebring. Seuns kan so vroeg as op elfjarige ouderdom puberteit bereik. Volgens Bosman-Swanepoel en Wessels (1995:12), asook die Kinderwet 38 van 2005 (South Africa, 2006:20) is 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar 'n kind. Die deelnemers aan die ondersoek was tussen elf en vyftien jaar oud. Die meeste deelnemers aan die hierdie ondersoek was twaalf jaar oud of ouer.

Die tydperk van adolessensie gaan gepaard met talle fisieke, geestelike, emosionele en psigiese veranderings. Hierdie eienskappe is reeds baie nagevors en word nie hierby ingesluit nie. Die fases waardeur die seun ontwikkel en die gedragspatrone wat daaruit

voortspruit, bepaal die seun se behoefte en die aard van die belewing van sy mentor.

Biddulph (1998:6-34) dui op drie fases wat ’n seun op pad na volwassenheid deurmaak:

- **Fase 1 – Geboorte tot ses jaar**
  - Die seun is meer aangetrokke tot die ma.
- **Fase 2 – Ses tot veertien jaar**
  - Die seun begin uit interne motivering leer wat ’n man is.
  - Hy stel meer belang in sy pa en dié se aktiwiteite.
  - Dit blyk dat daar ten opsigte van manlikheid ’n skielike wending in die seun se lewe voorkom.
  - Hy moet die “sagteware” van ’n beskikbare manlike model ontvang om sy ontwikkeling af te rond (Biddulph, 1998:15).
- **Fase 3 – veertien jaar tot volwassenheid**
  - Hy benodig die invloed van ’n mentor om volwassenheid te kan bereik.
  - Sy ma en pa moet effens terugstaan vir ’n mentor.
  - Die doel is om vaardighede, verantwoordelikheid en selfrespek aan te leer deur middel van intensiewer interaksie met volwasse gemeenskappe.
  - Dit is die tydperk waarin die seun ’n lewe buite die gesin begin.
  - “This is the time for the youngster to make ‘glorious mistakes’, and part of the mentor’s job is to make sure the mistakes are not fatal.” (Biddulph, 1998:30.)

Hierdie studie deur Biddulph oor adolessente seuns buite Suid-Afrika, blyk dieselfde resultate te toon as Steytler se studie (2007: 99-103) wat in Suid-Afrika onderneem is, naamlik dat seuns op hierdie ouderdom behoefte aan ’n mentor het en dat ’n mentorverhouding die lewensgehalte van die adolessent verhoog.

### 4.2.2 Verhoudings

Klem is veral geplaas op verskillende tipes verhoudings waarbinne die deelnemers tydens die ondersoek gestaan het, om sodoende

vas te stel tot watter mate die mentorverhouding 'n invloed op hierdie verhoudings het.

- **Romantiese verhoudings**

Die intree van adolessensie beteken ook die intree van romantiese verhoudings (Ward, 2004:42). Die voorkoms van 'n skielike hormoonontploffing – of anders gestel, die toename in afskeiding van testosteroon by die seun – moet korrek, tog sensitief, aan hom oorgedra word. Die toename in die afskeiding van testosteroon het nie net 'n biologiese uitwerking op die seun nie, maar ook 'n groot emosionele invloed, byvoorbeeld dat gedragspatrone en aggressievlakke kan fluktueer (Gurian, 1998:32-36).

Een van die deelnemers staan in 'n heteroseksuele romantiese verhouding. Volgens die deelnemers staan nie een van hulle in 'n homoseksuele verhouding nie. Dit wil voorkom asof die deelnemers nie hulle mentors by hulle romantiese verhoudings betrek nie.

- **Vriende**

Vriende en vriendskappe is vir die adolessente seun baie belangrik. Die inspraak en invloed van vriende kan 'n geweldige sterk invloed op die adolessente seun se lewe hê wat óf positief, óf negatief kan wees. "It appears that [for] boys, joking is a way of expressing intimacy among male friends." (Shaffer & Gordon, 2005:27.) Die wyse waarop seuns hierdie styl aanlê om hulle emosies en gevoelens te toon, kan moontlik toegeskryf word aan vrees vir etikettering of marginalisering. Tussen vriende en die portuurgroep beleef die adolessente seun ook die ruimte en vryheid om hom te kan uitleef sonder om sy optrede te moet verduidelik of verdedig.

Die ouderdomme van die deelnemers se hegte vriende is ondersoek. Ses van die deelnemers is meer met seuns bevriend as met dogters. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer. Die meeste deelnemers se meerderheid vriende is ouer as hulle, gevolg deur dieselfde ouderdom vriende. Slegs een deelnemer het aangedui dat die meerderheid van sy vriende jonger is as hy. Hierdie tendens om vriende ouer as hulleself te hê, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat mentees 'n vorm van sekuriteit uit die vriendskappe put, soos dit in die geval van 'n mentorverhouding sou wees.

Net soos by die meerderheid vriende, het die meerderheid deelnemers aangedui dat die vriend wat hy as die hegste vriend ag, ouer as hy is, gevolg deur 'n persoon van sy eie ouderdom en jonger. Dit

blyk dus dat die mentee se meeste en hegste vriend(e), ouer is as hy of binne sy portuurgroep val.

Een deelnemer het aangedui dat hy reeds as mentor begin inspraak maak in die lewe van 'n ander seun. Weens die feit dat hierdie deelnemer 'n positiewe verskil in sy eie lewe ervaar as gevolg van die mentorverhouding, mag dit wees dat die deelnemer hierdie lewensverandering ook met ander wil deel. Hierdie opvolgende veranderings kan 'n rimpeleffek laat wat net al hoe verder uitbrei en meer mense raak en beïnvloed. Die CFI-Hoërskaal[1] van die Perspektief Opleidingsentrum wat deur Steytler (2007:87) by adolessente seuns afgeneem is, toon dat seuns wat in 'n mentorverhouding staan meer verantwoordelikheid vir ander mense aanvaar. Hierdie data ondersteun die bevinding dat die seun wat gementor word ander mense ook tot hulp wil wees.

- **Volwassenes**

Konflik tussen die adolessent en volwassenes is algemeen. 'n Enkele voorbeeld is die verhouding tussen die adolessent en die onderwyser. Indien die adolessent ervaar dat hy benadeel word, is die kans vir konflik baie groot. Biddulph (1998:53) som dit op deur te stel:

> If a teacher is able to befriend such a boy and direct his energies in good ways, then the boy will thrive and be a plus in the school. If a teacher or parent ignores, backs off or is negative towards the boy, then the boy's pride will depend on defeating the adult and problems will compound.

Twee van die deelnemers het gemeld dat hulle in 'n ernstige konfliksituasie met 'n volwassene buite die gesin verkeer het, maar terselfdertyd beleef die deelnemers volwassenes ook as 'n beskermingsmeganisme. Harry Stack Sullivan het 'n stel ontwikkelingsfases neergelê wat hy ooreenkomstig *changing relational needs* definieer. Ten opsigte hiervan sê hy: "The transition to adolescence in particular often involves a growing closeness to [an] individual outside the family, including intense friendships with peers and adult role models." (Rhodes, 2002:69.) Ten spyte van konflik met volwassenes, kan die adolessente seun 'n goeie en opregte verhouding met 'n volwassene buite die gesin aanknoop. Dit is egter belangrik dat die biologiese ouer of voog van die adolessente seun kennis

---

1 Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool

moet dra van die verhouding en wie die betrokke volwassene is. Hoe langer hierdie opregte en eerlike verhouding tussen die adolessente seun en die mentor duur, hoe positiewer beleef die kind die verhouding (DuBois *et al*., 2002:25).

- **Ander mentors**

Volgens Christie (1997:66), het kinders ’n verskeidenheid volwasse modelle nodig. Uit die behoeftebepaling het dit ook geblyk dat seuns daarna hunker om ’n persoon te hê om na te volg – ’n mentor. Vier van die deelnemers het aangedui dat hulle meer as een mentor het, van wie een buite die gesinsisteem staan. Volgens die data wat by die biologiese pa’s van die mentees ingesamel is, het nie een van hulle aangedui dat sy seun ’n mentor buite die gesinsisteem het nie. Hierdie bevinding beklemtoon die feit dat ouers nie noodwendig altyd bewus is van ander persone wat as mentors vir hulle kinders intree nie. Dit blyk verder dat seuns nie noodwendig hulle verhoudings met ander volwassenes of met hulle ouers bespreek nie. Rhodes (2002:3-4) voer verder aan dat daar mettertyd ’n baie hegte en lojale band tussen die mentor en die mentee gesmee word. Ten opsigte van die mentorverhouding moet die belangrikheid van ’n eerbare en opregte verhouding sterk beklemtoon word.

### 4.2.3 Betrokkenheid by chemiese substanse

Die gebruik en misbruik van chemiese substanse onder adolessente is aan die toeneem (Strydom, 2008). Volgens Youth at Heart Development (2009) eksperimenteer bykans vier miljoen jongmense in Suid-Afrika met dwelms. Dit is twee uit elke drie jongmense. Volgens hierdie bron is een uit elke ses jongmense, ongeveer 15%, reeds van dwelmmiddels afhanklik.

James en Gilliland (2005:271) is van mening dat alkoholmisbruik in die VSA met vyftien persent afgeneem het, maar die vermoede is dat een tot drie miljoen kinders en adolessente steeds alkohol misbruik of daaraan verslaaf is. “Excluding tobacco, there are about 32 million people in the United States alone who have some degree of serious dependency on drugs.” (James & Gilliland, 2005:271.) Die betrokkenheid van adolessente by chemiese substanse is dus nie net ’n bekommernis in Suid-Afrika nie, maar ook elders in die wêreld.

Slegs een van die deelnemers aan die onderhawige studie het aangetoon dat hy tabak gebruik, gevolg deur alkohol. Een van die deelnemers beskou Hubbly Bubbly*,* waar gegeurde tabak eers deur wa-

ter gefiltreer word alvorens dit ingeneem word, ook as 'n vorm van substansiemisbruik. Geen deelnemer was al by 'n rehabilitasiesentrum of behandelingsprogram ingeskakel nie. Dit blyk dus dat deelnemers wat in 'n mentorverhouding staan, minder betrokke is by die eksperimentering en misbruik van substanse as wat deur die *Youth at Heart Development* (2009) weergegee word.

### 4.2.4 Tydsbesteding

Adolessente en kinders in die oorgangsfase na adolessensie bestee minder tyd saam met hulle gesinne. Meer aandag word op hulle portuurgroep en vriende gerig. Vaill (2003:11) is van mening dat die gemiddelde pa minder as vyftien minute per dag saam met sy kinders deurbring. Boston Universiteit (VSA) het egter navorsing gedoen en bevind dat die gemiddelde pa slegs 2,7 keer per dag kwalitatief interaktief met sy kind verkeer, met 'n gemiddeld van 37 sekondes elk (McClung, 1994:88). In die lig van hierdie navorsing blyk dit dat die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die seun met sy pa deurbring, besonder min is.

Uit die data word afgelei dat die meeste deelnemers hulle tyd per week aan slaap, gevolg deur skool, sport en ontspanning afstaan. Besonder min tyd word aan gesinsverhoudings gewy. Een deelnemer dui aan dat hy net 30 minute per dag individuele aandag van sy pa ontvang.

Dit is dus duidelik dat die gemiddelde tyd wat die adolessente seun wat gementor word saam met sy gesin deurbring, meer is as wat in die literatuur aangedui word, maar dat dit steeds baie min is.

### 4.2.5 Geestelike welstand

In die VSA is vasgestel dat betrokkenheid by geloofsake onder jongmense aan die afneem is. Navorsing is deur Associated Press (Anon., 2009) onderneem en die bevinding is dat slegs 44% van al die deelnemers tussen die ouderdomme van agtien tot 29 jaar geloof as 'n groot deel van hulle lewens beskou. Hierdie deelnemers is ouer as die deelnemers wat by die onderhawige ondersoek betrek is, maar die aanname word gemaak dat geloofsbetrokkenheid en -beoefening onder jonger mense aan die afneem is.

In teenstelling met wat in die VSA bevind is, het al die deelnemers aan hierdie ondersoek volgens die Likert-skaal (waar nul die minste aandui en tien die hoogste) 'n telling van meer as vyf aangedui ten opsigte daarvan dat hulle mentorverhouding geestelik gedrewe is.


Twee deelnemers het 'n ses gemerk, een 'n agt, twee 'n nege en twee 'n tien. Dit dui daarop dat die meerderheid deelnemers ervaar dat hierdie mentorverhouding geestelik gedrewe is.

Een van die deelnemers verwoord dit soos volg: *Hy is 'n dominee en wil meer [g]eestelik groei elke dag.* Die deelnemer verwys daarna dat die mentor behoefte daaraan het dat sowel die mentor as die mentee daagliks in hulle verhouding met die Here moet groei. Farrar (2006:123) is van mening dat seuns saam met volwasse mans op Christelike terreine betrokke moet raak, soos ook die behoefte van genoemde deelnemer is.

### 4.2.6 Kriminele oortredings

Dit blyk dat die betrokkenheid van adolessente by kriminele oortredings drasties toeneem. Volgens die Centre for Justice and Crime Prevention (2007) was daar teen September 2007 883 kinders in Suid-Afrika vir misdade gevonnis en 1 312 is aangekla maar nie gevonnis nie. Aangesien hierdie 1 312 kinders nie gevonnis is nie, is hulle heel waarskynlik weer in die samelewing opgeneem.

**Tabel 1: Misdaad gepleeg deur kinders (**Centre for Justice and Crime Prevention, 2007)




Volgens Tabel 1 is die meerderheid misdade wat in Suid-Afrika deur kinders gepleeg word, aggressiewe misdade. Nie een van die deelnemers aan die ondersoek was al by kriminele aktiwiteite betrokke nie.

Dit blyk dat adolessente seuns aan die Weskus, wat in 'n natuurlike mentorverhouding staan, minder by misdaad betrokke is. 'n Laer vlak van misdaad in die gemeenskap kan bydra tot 'n verbetering in die funksionering van dieselfde gemeenskap.

## 4.3 Belewing en insprake van die mentor

’n Mens leer nie hoe om fiets te ry deur boeke daaroor te lees nie. Jy leer deur self op die fiets te klim en sodoende ervaring op te doen. Die ouers van ’n adolessent wat die handleiding van ’n K53-bestuurderslisensie gelees het, weet dat wanneer die kind die eerste keer agter die stuur van ’n motor inklim, hy nie veel gaan weet van sake wat hy slegs in die praktyk kan leer nie. Dieselfde beginsels geld vir ’n mentorverhouding. Die mentor kan baie leer rakende mentorskap, maar daar is sekere aspekte wat uniek aan elke mentorverhouding is en dit kan alleenlik deur ondervinding aangeleer word.

In die behoeftebepaling (Steytler, 2007:81-82) het die deelnemers aangedui dat die mentor hulle veral help met betrekking tot sekere keuses en dat die mentor hulle in moeilike tye help en ondersteun. Die deelnemers aan die oderhawige ondersoek het dieselfde rakende hulle mentor aangedui. Verbatim vermeld een deelnemer soos volg: *Help met besluite en probleme tot ’n groot mate*.

Die deelnemers se belewing van hulle mentors blyk positief en van groot waarde te wees. ’n Ander deelnemer verwoord dit soos volg: *Hy is ’n groot voorbeeld vir my en ek wil eendag soos hy wees*. Hieruit blyk dat die voorbeeld van ’n opregte mentor die mentee motiveer om dieselfde positiewe invloed weer op ander uit te oefen en ’n positiewe rimpeleffek te skep. Indien die mentor ’n profiel het van die adolessente seun vir wie hy as mentor optree, kan hy meer doelgerig op areas fokus waar hulp, leiding en ondersteuning benodig word.

# 5. Gevolgtrekking

Uit die gemelde bevindings is die volgende gevolgtrekkings gemaak: Suid-Afrikaanse seuns, soos ook ander seuns internasionaal, het ’n behoefte aan ’n mentor en ’n mentorverhouding. Dit blyk dat hierdie behoefte nie aan ’n streek of land gekoppel word nie, maar dat dit deel van die ontwikkeling van die mens uitmaak.

Aannames word gemaak dat seuns wat in ’n mentorverhouding staan, gewoonlik in ’n hoërisikokategorie val en dat vriendskapsverhoudings óf positiewe óf negatiewe invloede op die adolessente seun kan uitoefen. Die meerderheid van die mentee se vriende is ouer as hyself, van dieselfde geslag en sy naaste vriend is ook ouer as hyself. Alhoewel die minderheid van die mentee deelnemers by substanse betrokke was, maar by geen kriminele aktiwiteite nie, blyk

dit dat die media steeds bydra tot die marginalisering van adolessente.

Min navorsing is al gedoen rakende mentorskap wat fokus vanuit die mentee se perspektief. Binne hierdie mentorverhouding stel die mentee sekere vereistes en koester hy bepaalde verwagtings. Dit is duidelik dat die mentee sy mentor as positief en van groot waarde beleef.

Dit blyk ook dat hierdie menteedeelnemers selde in konflik is met volwassenes buite die gesinsisteem. Dit is ook bevind dat die meerderheid mentees meer as een mentor het en dat die biologiese pa nie altyd noodwendig bewus is daarvan dat iemand anders sy seun mentor nie. Dit is duidelik dat kinders ’n verskeidenheid volwassenes as rolmodelle benodig.

Sterk klem en fokus word in die mentorverhouding op geestelikheid gerig. ’n Groot persentasie van die deelnemers dui aan dat hulle mentorverhouding Christelik-gedrewe is. Alhoewel die mentee steeds min tyd aan sy gesin bestee, is dit meer as wat in die literatuur aangedui word.

## 6. Aanbeveling

Fokuspunte vir verdere navorsing is die volgende:

- Om ’n profiel van dogters wat in ’n mentorverhouding staan, weer te gee.
- Om die profiel van adolessente mentees vanuit verskillende kulture, gelowe en rasse met mekaar te vergelyk. Hierdeur kan kultuursensitiewe programme ontwerp en aangepas word.

Hierdie profiel van die deelnemers wat in ’n mentorverhouding staan, is opgestel uit deelnemers uit die diep platteland waar mentorskap ’n nuwe konsep is en relatief onbekend is. ’n Profiel kan opgestel word van deelnemers op die platteland sowel as van dié in die stedelike gebiede van Suid-Afrika.

## 7. Samevatting

Hierdie artikel het gefokus op die profiel van adolessente seuns wat reeds ’n geruime tyd in ’n mentorverhouding staan. Om ’n beter profiel te kon weergee, is ook van ’n fokusgroep gebruikgemaak. Hierdie data is deur die literatuur ondersteun of verwerp, of het nuwe insigte aan die lig gebring.

'n Adolessente seunmentee vanuit die platteland blyk iemand te wees wie se meeste vriende ouer seuns is. Hierdie mentee se hegste vriend blyk ook ouer as hyself te wees. Hulle blyk minder betrokke te raak by konflik met volwassenes buite die gesinsisteem en het ook meer as een mentor. Hulle is minder betrokke by die gebruik van substanse en bots minder met die gereg. Die mentee heg waarde aan die inspraak wat die mentor in sy lewe het en dui aan dat die mentor 'n invloed op sy geestelike lewe het. Alhoewel die mentee aandui dat hy min tyd saam met sy gesin deurbring, is dit steeds meer tyd as wat die literatuur aandui.

Deur die belangrikheid van die leefwêreld, die generasieverskille en verskille in die werklikheidsbeskouing van die adolessent as mentee te verstaan en te begryp, word die mentor-menteeverhouding versterk. 'n Versterkte mentorverhouding verhoog die lewenskwaliteit van die adolessente mentee wat op sigself 'n positiewe bydrae in die groter samelewing lewer.

## Geraadpleegde bronne

ALMEIDA, D.M. & GALAMBOS, N.L. 1993. Continuity and change in father-adolescent relations. *New directions for child development*, 62:27-40, Winter.

ANON. 2009. Study: generation gap in U.S. largest since '60s. *Associated Press*: 29 June. http://www.msnbc.msn.com/id/31598018/ns/us_news-life/ Date of access: 1 Aug. 2009.

BABER, K.M. 2005. Mentoring youth. UNH Centre on Adolescence. http://www.adolescence.unh.edu/Mentoring%20-%20Formatted%2006.29.05.pdf Date of access: 3 Oct. 2008.

BERNARDES, J. 1997. Family studies: an introduction. London: Routledge.

BIDDULPH, S. 1998. Raising boys: why boys are different – and how to help them become happy and well-balanced men. Lane Cove: Finch Publishing.

BOSMAN-SWANEPOEL, H.M. & WESSELS, P.J. 1995. 'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg. 2e uitg. Pretoria: Digma.

CENTRE FOR JUSTICE AND CRIME PREVENTION. 2007. Detailed data on child incarceration. http://www.cjcp.org.za/crimestats/incarceration.htm Date of access: 6 Jul. 2009.

CHRISTIE, L. 1997. Recruiting and training volunteers. (*In* Kitching, D. & Robbins, D., *eds*. Youth ministry: the basics and beyond: youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) Publishing House. p. 66-80.)

CRESWELL, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 3rd ed. California: Sage.

DE VRIES, M. 1994. Family-based youth ministry: reaching the been-there, done-that generation. Downers Grove: InterVarsity.

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 159-191.)

DUBOIS, D.L., NEVILLE, H.A., PARRA, G.R. & PUGH-LILLY, A.O. 2002. Testing a new model of mentoring. (*In* Rhodes, J.E., *ed.* New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 21-57.)

ERICKSON, B.M. 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.

FARRAR, S. 2006. Mentoring boys: what every son wants and needs from his father. Vereeniging: Christian Art publications.

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.)

FREEKS, F. E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks: 'n prakties-teologiese studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (M.A.-verhandeling.)

GURIAN, M. 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.

HAMILTON, M.A. & HAMILTON, S.F. 2002. Why mentoring in the workplace works. (*In* Rhodes, J.E., *ed.* New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 59-89.)

JAMES, R.K. & GILLILAND, B.E. 2005. Crisis intervention strategies. 5th ed. Belmond: Thomson Brooks/Cole.

JOLLIFFE, D. & FARRINGTON, D.P. 2007. A rapid evidence assessment of the impact of mentoring on re-offending: a summary. Home Office Online Report 11/07. http://www.homeoffice.gov.uk/rds Date of access: 1 Jul. 2008.

LOUW, A. 1998. Ontwikkelingsielkunde. (*In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., *reds.* Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2e dr. Johannesburg: Heinemann. p. 451-512.)

MCCLUNG, F. 1994. God's man in the family. Eastbourne: Kingsway.

MEYER, W.F. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In* Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., *reds.* Menslike ontwikkeling. 3e dr. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 3-39.)

NEUMAN, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

NOAM, G.G. 2002. Introduction. (*In* Rhodes, J.E., *ed.* New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 1-4.)

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. p. 334-353.)

POSEL, D. & DEVEY, R. 2006. The demographics of fathers in South Africa: an analysis of survey data, 1993-2002. (*In* Richter, L. & Morrell, R., *eds.* Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 38-52.)

RAUBENHEIMER, O. 1997. A profile of South African youth. (*In* Kitching, D. & Robbins, D., *eds*. Youth ministry: the basics and beyond – youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) Publishing House. p. 27-41.)

RHODES, J.E. 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.

SHAFFER, S.M. & GORDON, L.P. 2005. Why boys don't talk and why it matters: a parent's survival guide to connecting with your teen. New York: McGraw-Hill.

SOUTH AFRICA. 2006. Children's Act 38 of 2005. Cape Town: Government Printer.

SPIELBERG, W. 1999. A cultural critique of current practices of male adolescent identity formation. (*In* Horne, A.M. & Kiselica, M.S., *eds.* Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage. p. 25-34.)

STEYTLER, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (M.A.-verhandeling.)

STEYTLER, J.P.D. & STRYDOM, H. 2007. Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laat-middelkinderjare. *SA-eDUC journal*, 4(1):29-39.

STRYDOM, D. 2008. Tieners drink meer as ooit. *Die Burger*: 13 Maart. http://www.dieburger.com/Stories/News/17.0.224277084.aspx Datum van gebruik: 6 Jul. 2009.

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 327-332.)

THOM, D.P., LOUW, A.E., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Adolessensie. (*In* Louw, D.A. Van Ede, D.M. & Louw, A.E., *reds.* Menslike ontwikkeling. 3e dr. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 387-474.)

VAILL, J. 2003. Active not absent fathers needed. *Cape Argus:* 11, 19 Feb.

WARD, E. 2004. Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: 'n Gestaltriglyn. Pretoria: UNISA. (M.Ed.-verhandeling.)

YOUTH AT HEART DEVELOPMENT. 2009. Dwelmmisbruik. http://www.heart.org.za/content/view/30/1/lang,afrikaans/ Datum van gebruik: 6 Jul. 2009.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.

**Kernbegrippe:**

adolessente seun
biopsigososiale eienskappe
mentee
mentorverhouding
millenniumkind

**Key concepts:**

adolescent boy
biopsychosocial characteristics
mentee
mentor relationship
millennium child